Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Maria Goretti Correia
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Maria.Correira@westerncape.gov.za | 021 467 2891

Lêerno.: 19/2/P
Verwysing: 20230210-1305

Assesseringsbestuursminuut: 0003/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en -adviseurs, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Praktiese Assesseringstake vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 2023

1. **Inleiding**

1.1 Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het praktiese assesseringstake (PAT's) vir vakke met 'n praktiese komponent opgestel. Hierdie PAT's maak deel uit van die assesseringsvereistes vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen in 2023 soos uiteengesit in die Kurrikulum- en Assesseringbeleidsverklaring van elke tersaaklike vak.

1.2 Die PAT's word intern by skole geassesseer en dan ekstern binne die provinsie gemodereer.

2. **Vakke wat PAT's insluit:**

2.1 Landboubestuurspraktyke, Landboutegnologie

2.2 Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste

2.3 Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie

2.4 Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme

2.5 Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Meganiese Tegnologie, Tegniese Wetenskappe, Tegniese Wiskunde.

3. **Assessering van PAT's**

3.1 Die DBO se PAT-riglyne kan afgelaai word deur die volgende skakel van die DBO te gebruik: https://www.education.gov.za/Curriculum/NationalCurriculumStatementsGradesR-12/PATS2023.aspx

3.2 Die PAT-riglyne moet aan die betrokke vakonderwysers beskikbaar gemaak word sodat hulle hierdie dokumente kan gebruik om gedurende die eerste drie kwartale van 2023 vir die implementering van hierdie assesserings te begroot en te beplan.

3.3 Die betrokke vakadviseurs en senior kurrikulumbeplanners sal gedurende die loop van die jaar ondersteuning bied. Skole moet dus toesien dat die betrokke onderwysers die distriksvergaderings wat oor die assessering en moderering van PAT's handel, bywoon.

4. Prinsipale en dikstriksamptenare word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van personeel, ouers en leerders te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2023-02-13